## Topics covered in this tutorial

- Conditional PMFs/PDFs and expectations
- Gaussian conditioning and independence
- Gaussian vectors, covariance and correlation matrices
- Affine transformations and cross-covariance

*Complete Questions 1–5 before the tutorial test (normally around 16:00–16:15). Questions 6–8 are retained at the end for further practice.*

## Onderwerpe wat in hierdie tutoriaal gedek word

- Voorwaardelike WMF's/WDF's en verwagtings
- Gaussiese kondisionering en onafhanklikheid
- Gaussiese vektore, kovariansie- en korrelasiematrikse
- Affiene transformasies en kruiskovariansie

*Voltooi Vrae 1–5 voor die tutoriaaltoets (gewoonlik omstreeks 16:00–16:15). Vrae 6–8 word aan die einde vir verdere oefening behou.*

---

1. Let $\mathbf{X} = [X_1\ X_2]'$ be a discrete random vector. Each component takes values in $\{1, 2, 3\}$, so its support is

Laat $\mathbf{X} = [X_1\ X_2]'$ 'n diskrete toevalsvektor wees. Elke komponent neem waardes in $\{1, 2, 3\}$ aan, dus is die steunversameling

$$S_{\mathbf{X}} = \{\mathbf{x} = [x_1\ x_2]' : x_1, x_2 \in \{1, 2, 3\}\}.$$

The joint probability mass function is

Die gesamentlike waarskynlikheidsmassafunksie is

$$P_{\mathbf{X}}(\mathbf{x}) = P_{\mathbf{X}}([x_1\ x_2]') = P_{X_1,X_2}(x_1, x_2) = \begin{cases} \dfrac{x_1 + x_2}{36}, & \mathbf{x} \in S_{\mathbf{X}}, \\ 0, & \mathbf{x} \notin S_{\mathbf{X}}. \end{cases}$$

**(a)** Find the complete PMF of $S = X_1 + X_2$. Hence find $P(S = 3)$.

**(b)** Find the marginal PMF $P_{X_2}(j)$ and the conditional PMF $P_{X_1|X_2}(i \mid j)$ for $j \in \{1, 2, 3\}$.

**(c)** Calculate $\mathrm{E}[X_1 \mid X_2 = j]$. Use this conditional expected value to argue whether $X_1$ and $X_2$ are independent.

**(d)** Use the PMF to calculate $\boldsymbol{\mu}_{\mathbf{X}}$, $\mathbf{R}_{\mathbf{X}} = \mathrm{E}[\mathbf{X}\mathbf{X}']$ and $\mathbf{C}_{\mathbf{X}}$. Use symmetry to reduce the calculations.

**(a)** Vind die volledige WMF van $S = X_1 + X_2$. Bepaal dus $P(S = 3)$.

**(b)** Vind die marginale WMF $P_{X_2}(j)$ en die voorwaardelike WMF $P_{X_1|X_2}(i \mid j)$ vir $j \in \{1, 2, 3\}$.

**(c)** Bereken $\mathrm{E}[X_1 \mid X_2 = j]$. Gebruik hierdie voorwaardelike verwagtingswaarde om te motiveer of $X_1$ en $X_2$ onafhanklik is.

**(d)** Gebruik die WMF om $\boldsymbol{\mu}_{\mathbf{X}}$, $\mathbf{R}_{\mathbf{X}} = \mathrm{E}[\mathbf{X}\mathbf{X}']$ en $\mathbf{C}_{\mathbf{X}}$ te bereken. Gebruik simmetrie om die berekeninge te verminder.

2. The continuous random variables $X$ and $Y$ have joint PDF

Die kontinue toevalsveranderlikes $X$ en $Y$ het gesamentlike WDF

$$f_{X,Y}(x, y) = \begin{cases} \frac{1}{2}, & -1 \le x \le y \le 1, \\ 0, & \text{otherwise / andersins.} \end{cases}$$

**(a)** Find the marginal PDF $f_Y(y)$.

**(b)** Find $f_{X|Y}(x \mid y)$ and state the values of $y$ for which the conditional-density formula is valid.

**(c)** Calculate $\mathrm{E}[X \mid Y = y]$ and $\mathrm{E}[Y - X \mid Y = y]$.

**(d)** Use iterated expectation to calculate $\mathrm{E}[X]$.

**(a)** Vind die marginale WDF $f_Y(y)$.

**(b)** Vind $f_{X|Y}(x \mid y)$ en meld die waardes van $y$ waarvoor die voorwaardelike-digtheidsformule geldig is.

**(c)** Bereken $\mathrm{E}[X \mid Y = y]$ en $\mathrm{E}[Y - X \mid Y = y]$.

**(d)** Gebruik herhaalde verwagting om $\mathrm{E}[X]$ te bereken.

3. A temperature-monitoring system records temperature $T$ (in °C) and a sensor voltage $W$ (in V). They are jointly Gaussian, with the means and *standard deviations* below. An alarm occurs on the event $I = \{T > 38,\ W > 10\}$.

'n Temperatuurmoniteringstelsel meet temperatuur $T$ (in °C) en 'n sensorspanning $W$ (in V). Hulle is gesamentlik Gaussies, met die gemiddeldes en *standaardafwykings* hieronder. 'n Alarm vind plaas tydens die gebeurtenis $I = \{T > 38,\ W > 10\}$.

$$\mu_T = 37, \quad \sigma_T = 1, \qquad \mu_W = 7, \quad \sigma_W = 2.$$

**(a)** First assume $\rho_{T,W} = 0$. Explain why the individual probabilities can be multiplied as follows, then calculate $P(I)$.

**(a)** Aanvaar eers $\rho_{T,W} = 0$. Verduidelik waarom die afsonderlike waarskynlikhede soos volg vermenigvuldig kan word, en bereken dan $P(I)$.

$$P(I) = P(T > 38,\ W > 10) = P(T > 38)\,P(W > 10).$$

**(b)** Now use $\rho_{T,W} = 1/\sqrt{2}$ for the remaining parts. Find the conditional mean, variance and PDF of $W$ given $T = t$.

**(c)** Express $P(I \mid T = t)$ in terms of $\Phi$ (the standard Gaussian CDF) for *all* real $t$. No numerical evaluation is required.

**(d)** Compare the conditional variance with $\mathrm{Var}[W]$. What does this say about the uncertainty in $W$ once $T$ is known?

**(b)** Gebruik nou $\rho_{T,W} = 1/\sqrt{2}$ vir die oorblywende dele. Vind die voorwaardelike gemiddelde, variansie en WDF van $W$ gegee $T = t$.

**(c)** Druk $P(I \mid T = t)$ in terme van $\Phi$ (die standaard-Gaussiese KVF) uit vir *alle* reële $t$. Geen numeriese berekening word vereis nie.

**(d)** Vergelyk die voorwaardelike variansie met $\mathrm{Var}[W]$. Wat sê dit oor die onsekerheid in $W$ wanneer $T$ bekend is?

4. $\mathbf{X}$ is a 3-dimensional Gaussian random vector with mean vector $\boldsymbol{\mu}_\mathbf{X} = [4\ 8\ 6]'$ and covariance matrix

$\mathbf{X}$ is 'n 3-dimensionele Gaussiese toevalsvektor met gemiddeldevektor $\boldsymbol{\mu}_\mathbf{X} = [4\ 8\ 6]'$ en kovariansiematriks

$$\mathbf{C}_\mathbf{X} = \begin{bmatrix} 4 & -2 & 1 \\ -2 & 4 & -2 \\ 1 & -2 & 4 \end{bmatrix}.$$

**(a)** Calculate the correlation matrix $\mathbf{R}_\mathbf{X} = \mathrm{E}[\mathbf{X}\mathbf{X}']$.

**(b)** Find the joint PDF $f_{X_1,X_2}(x_1, x_2)$.

**(c)** Calculate $P(X_1 > 8)$. Use $\Phi(2) = 0.9772$.

**(d)** Are $X_1, X_2, X_3$ independent? Justify using the covariance matrix and the Gaussian assumption.

**(a)** Bereken die korrelasiematriks $\mathbf{R}_\mathbf{X} = \mathrm{E}[\mathbf{X}\mathbf{X}']$.

**(b)** Vind die gesamentlike WDF $f_{X_1,X_2}(x_1, x_2)$.

**(c)** Bereken $P(X_1 > 8)$. Gebruik $\Phi(2) = 0.9772$.

**(d)** Is $X_1, X_2, X_3$ onafhanklik? Motiveer met die kovariansiematriks en die Gaussiese aanname.

5. Given the Gaussian random vector $\mathbf{X}$ in Question 4, define $\mathbf{Y} = \mathbf{A}\mathbf{X} + \mathbf{b}$, where

Gegewe die Gaussiese toevalsvektor $\mathbf{X}$ in Vraag 4, definieer $\mathbf{Y} = \mathbf{A}\mathbf{X} + \mathbf{b}$, waar

$$\mathbf{A} = \begin{bmatrix} 1 & 1/2 & 2/3 \\ 1 & -1/2 & 2/3 \end{bmatrix} \qquad \mathbf{b} = \begin{bmatrix} -4 \\ -4 \end{bmatrix}$$

Calculate:

**(a)** $\boldsymbol{\mu}_\mathbf{Y}$ **(b)** $\mathbf{C}_\mathbf{Y}$ **(c)** $\mathbf{R}_\mathbf{Y}$

**(d)** $P(-1 \le Y_2 \le 1)$ **(e)** $\mathbf{C}_{\mathbf{XY}}$ **(f)** $\mathbf{R}_{\mathbf{XY}}$

**(g)** $\rho_{X_1,Y_2}$

For (d), briefly justify why $Y_2$ is Gaussian. An answer in terms of $\Phi$ is sufficient.

**(h)** Can $\mathbf{C}_\mathbf{X}$ be recovered here using $\mathbf{A}^{-1}\mathbf{C}_\mathbf{Y}(\mathbf{A}^{-1})'$? Explain using the dimensions of $\mathbf{A}$.

Bereken:

**(a)** $\boldsymbol{\mu}_\mathbf{Y}$ **(b)** $\mathbf{C}_\mathbf{Y}$ **(c)** $\mathbf{R}_\mathbf{Y}$

**(d)** $P(-1 \le Y_2 \le 1)$ **(e)** $\mathbf{C}_{\mathbf{XY}}$ **(f)** $\mathbf{R}_{\mathbf{XY}}$

**(g)** $\rho_{X_1,Y_2}$

Motiveer vir (d) kortliks waarom $Y_2$ Gaussies is. 'n Antwoord in terme van $\Phi$ is voldoende.

**(h)** Kan $\mathbf{C}_\mathbf{X}$ hier herwin word met $\mathbf{A}^{-1}\mathbf{C}_\mathbf{Y}(\mathbf{A}^{-1})'$? Verduidelik aan die hand van $\mathbf{A}$ se afmetings.

## Further practice

These questions are retained as further practice alongside the main tutorial (Questions 1–5).

## Verdere oefening

Hierdie vrae word as verdere oefening saam met die hooftutoriaal (Vrae 1–5) behou.

6. The random vector $\mathbf{X} = [X_1\ X_2\ X_3]'$ has joint PDF

Die toevalsvektor $\mathbf{X} = [X_1\ X_2\ X_3]'$ het gesamentlike WDF

$$f_{\mathbf{X}}(\mathbf{x}) = \begin{cases} (x_1 + 2x_2 + 3x_3)/3, & 0 \le x_1, x_2, x_3 \le 1, \\ 0, & \text{otherwise / andersins.} \end{cases}$$

**(a)** Find $f_{X_1,X_2}(x_1, x_2)$ and $f_{X_3}(x_3)$. Is the subvector $[X_1\ X_2]'$ independent of $X_3$? Use factorisation to justify your answer.

**(b)** Derive $F_{\mathbf{X}}(\mathbf{x})$ for $0 \le x_1, x_2, x_3 \le 1$. Calculate $F_{\mathbf{X}}(0.3, 0.5, 1)$.

**(c)** Calculate $\mathrm{E}[X_1X_2X_3]$ directly from the joint PDF.

**(a)** Vind $f_{X_1,X_2}(x_1, x_2)$ en $f_{X_3}(x_3)$. Is die subvektor $[X_1\ X_2]'$ onafhanklik van $X_3$? Gebruik faktorisering om jou antwoord te motiveer.

**(b)** Lei $F_{\mathbf{X}}(\mathbf{x})$ af vir $0 \le x_1, x_2, x_3 \le 1$. Bereken $F_{\mathbf{X}}(0.3, 0.5, 1)$.

**(c)** Bereken $\mathrm{E}[X_1X_2X_3]$ direk uit die gesamentlike WDF.

7. Three tasks start simultaneously. Their completion times $T_1, T_2, T_3$ are independent and identically distributed, each uniform on $[0, 2]$ seconds. Let $M = \max(T_1, T_2, T_3)$ and $L = \min(T_1, T_2, T_3)$.

**(a)** Derive the complete CDF and PDF of $M$, starting from the event that all three tasks finish by time $t$.

**(b)** Derive the complete CDF and PDF of $L$.

**(c)** Find the probability that all tasks finish within 1.5 s, and the probability that at least one finishes within 0.5 s.

**(d)** Use independence to find $\mathrm{E}[T_1T_2T_3]$.

Drie take begin gelyktydig. Hul voltooiingstye $T_1, T_2, T_3$ is onafhanklik en identies verdeel, elk uniform op $[0, 2]$ sekondes. Laat $M = \max(T_1, T_2, T_3)$ en $L = \min(T_1, T_2, T_3)$ wees.

**(a)** Lei die volledige KVF en WDF van $M$ af, vanaf die gebeurtenis dat al drie take teen tyd $t$ klaar is.

**(b)** Lei die volledige KVF en WDF van $L$ af.

**(c)** Vind die waarskynlikheid dat alle take binne 1.5 s klaar is, en die waarskynlikheid dat minstens een binne 0.5 s klaar is.

**(d)** Gebruik onafhanklikheid om $\mathrm{E}[T_1T_2T_3]$ te vind.

8. $X_1$ and $X_2$ are independent, each uniform on $[0, 1]$. Define $Y_1 = X_1 + X_2 + 1$ and $Y_2 = X_1 - X_2$.

**(a)** Write $\mathbf{Y} = \mathbf{AX} + \mathbf{b}$. Find $\mathbf{A}^{-1}$ and $\det(\mathbf{A})$, and express $x_1, x_2$ in terms of $y_1, y_2$.

**(b)** Sketch the support of $\mathbf{Y}$ and derive its joint PDF using the vector-transformation formula.

**(c)** Given $\mathbf{C_X} = \frac{1}{12}\mathbf{I}_2$, where $\mathbf{I}_2$ is the $2 \times 2$ identity matrix, calculate $\mathbf{C_Y}$. Recover $\mathbf{C_X}$ using $\mathbf{A}^{-1}$. Are $Y_1$ and $Y_2$ independent? Justify using the support in (b).

**(d)** Consider the *separate* transformation $V_i = 2X_i + 1$, $i = 1, 2$. Express $F_{\mathbf{V}}(v_1, v_2)$ in terms of $F_{\mathbf{X}}$, then give the joint PDF and support of $\mathbf{V}$.

$X_1$ en $X_2$ is onafhanklik, elk uniform op $[0, 1]$. Definieer $Y_1 = X_1 + X_2 + 1$ en $Y_2 = X_1 - X_2$.

**(a)** Skryf $\mathbf{Y} = \mathbf{AX} + \mathbf{b}$. Vind $\mathbf{A}^{-1}$ en $\det(\mathbf{A})$, en druk $x_1, x_2$ in terme van $y_1, y_2$ uit.

**(b)** Skets die steunversameling van $\mathbf{Y}$ en lei sy gesamentlike WDF af met die vektortransformasieformule.

**(c)** Gegee $\mathbf{C_X} = \frac{1}{12}\mathbf{I}_2$, waar $\mathbf{I}_2$ die $2 \times 2$-identiteitsmatriks is, bereken $\mathbf{C_Y}$. Herwin $\mathbf{C_X}$ met $\mathbf{A}^{-1}$. Is $Y_1$ en $Y_2$ onafhanklik? Motiveer met die steunversameling in (b).

**(d)** Beskou die *afsonderlike* transformasie $V_i = 2X_i + 1$, $i = 1, 2$. Druk $F_{\mathbf{V}}(v_1, v_2)$ in terme van $F_{\mathbf{X}}$ uit, en gee dan die gesamentlike WDF en steunversameling van $\mathbf{V}$.